

HAND IN HAND

HANDE UITSTREK

WELKOM

Welkom by ons kinderpinkster! Rol 'n dobbelsteen. Strek jou hand so ver moontlik uit as jy dit doen.

Kyk na die nommer op die dobbelsteen. Vertel nou soveel goed van jouself, byvoorbeeld: Wat dink jy? Wat is nuus? Hoe voel jy? Waarvan hou jy?



NO HAND HANDSHAKE

Hoeveel van julle groet mekaar met 'n (*secret*) *handshake*?

Op die oomblik is dit beter as ons nie handeskud nie. So ons gaan in Pinkster 'n *No Hand Handshake* hê en elke dag kom daar nog 'n beweging by.

Ons begin deur 1 meter weg van mekaar te staan. Strek nou jou regterhand na die ander persoon sonder om aan hulle te raak! Volgende keer leer ons die res...

GESELS SAAM

Die Psalm-digter praat met God. Dis 'n gebed.

- Kan jy dink aan 'n keer toe jy swaar gekry het of hartseer was?
- Hoekom dink julle strek ons hande na mense uit?
- Wat dink julle bedoel die skrywer as hy sê dat hy sy hande na God uitstrek?

ONTHOU-VERS

Kan julle die volgende vers onthou?

Psalm 88:10

"My oë is al dof van swaarkry; die hele dag deur roep ek na U, Here, en steek ek my hande in gebed na U uit."

WEGSTUUR

Strek julle hande na mekaar uit terwyl julle bid maar moenie aan mekaar raak nie.

Bid vir mense na wie julle verlang en nie nou kan sien nie.

Teken 'n hand en skryf iemand se naam daarin wat swaarkry. Sit die hande neer waar julle dit kan sien in die huis.

WEES

Doen 'n sprong van vertroue. Laat julle vanaf 'n stoel in iemand se hande spring. Strek jou hande na die persoon uit.

Hoe kan ons weet dat God ons altyd sal vang?



WONDER

Lees Psalm 88
Kyk dan saam na [hierdie](#) video.